# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 76 Nommer 22 7 Junie 2026

## Predikant

Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775



## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## OGGENDDIENS SONDAG 7 JUNIE – Prof Herrie van Rooy

Wanneer praat ons die waarheid oor God, ook wanneer ons in ons eie lewe met ernstige probleme worstel? Job laat ons hieroor nadink. Hy het immers op God vertrou, en kyk wat het nie alles met hom gebeur nie – hy het amper alles verloor. In die inleiding tot die boek kom die verhaal aan die orde. Daarna volg drie rondtes gesprekke tussen Job en sy drie vriende. Daarna kom ’n vierde vriend aan die woord. Hierna kom God aan die woord en antwoord Hy Job. Job het algaande al hoe driftiger gepraat – en al hoe harder dinge teen God gesê. Job het nooit insig gehad oor die dinge waarvan die inleiding praat nie, die gesprekke tussen God en die satan. God sê Job se vriende het nie die waarheid oor God gepraat nie. Hulle oplossing was eenvoudig: Job het gesondig en God straf hom. Hy moet sy sonde bely, en dan sal alles regkom. Job het dit nie aanvaar nie, en al hoe harder selfs teen God uitgevaar. Die vriende se eenvoudige antwoord was verkeerd. Job het egter daarmee volhard om met God te praat. Hy het met God geworstel – en God sê Job se worsteling was in ’n sekere sin reg. Hy het die verkeerde vrae gevra, maar God het die man agter die vrae geantwoord. Dit was die antwoord wat Job nodig gehad het – en daarmee was hy tevrede. Ons kan steeds met ons vrae en worsteling na God toe gaan – en weet dat Hy die antwoorde gee op grond van wat Jesus Christus vir ons gedoen het.

## BYBELSKOOL SONDAG – Dr De Wet Saaiman

**Tema:** Die Bybel – Klein Profete: Hosea, Joël, Amos en Obadja
Hosea, Joël, Amos en Obadja verkondig almal God se oordeel én genade. Hosea beeld Israel se ontrouheid uit deur sy huwelik met Gomer, maar wys dat God sy volk steeds liefhet en sal herstel. Joël beskryf die *"Dag van die Here"* as oordeel en oproep tot ware bekering, met die belofte van God se Gees en 'n herstelde skepping. Amos fokus op sosiale onreg, huigelary en afgodery in Israel, en waarsku oor komende oordeel, maar eindig met hoop op die herstel van Dawid se koninkryk. Obadja veroordeel Edom se hoogmoed en verraad teen Israel, maar wys ook dat God se koninkryk uiteindelik oor alle nasies sal strek. Saam wys hierdie profete dat God geregtigheid bring, maar ook genadig herstel en 'n nuwe toekoms skep vir sy volk en die wêreld.

## SONDAG 7 JUNIE 2026

Kollektes word via SnapScan gedoen of by die deure na die diens.
Eerste sakkie is vir Barmhartigheid.
Tweede sakkie is na die oggenddiens vir die Emeritaatsversorgingstrust en na die aanddiens vir die Kerkkas.

Die tweede kollekte 14 Junie is na die oggenddiens vir die Kerkkas en na die aanddiens vir die Teol. Studentefonds.

**09:00 Oggenddiens: Prof Herrie van Rooy**

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Marizel Fasen
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Charlotte van Wyk
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 18 – Oudl. Werner van den Berg
- Diakonale Diensbeurt: Groep 4
- Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Wytske van Wyk
- Katkisasie les 14

**18:00 Bybelskool: Dr De Wet Saaiman**

## PROGRAM VIR DIE WEEK 7 TOT 14 JUNIE 2026

**Donderdag 11 Junie**
15:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Melany v Niekerk; Groep B olv sr Rita Strauss
**Vrydag 12 Junie**
09:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Melany v Niekerk; Groep B olv sr Rita Strauss

## DIENSBEURTE SONDAG 14 JUNIE 2026

- Geen Kleuterkerk tydens langnaweek nie
- Geen Kinderbediening tydens langnaweek nie
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 19 – Oudl. JP van Wyk
- Diakonale Diensbeurt: Groep 1
- Geen Tee/Koffie na die oggenddiens tydens langnaweek nie
- Geen Katkisasie tydens langnaweek nie

## VAN HUIS TOT HUIS

**Gelukwense:**

**Baie geluk aan ons 70-Plussers wat verjaar:**

**9 Junie**

- Sr Marietha Coetzee (072 573 6294) Wyk 31

**10 Junie**

- Br Faan Haasbroek (083 650 9239) Wyk 1
- Sr Ingrid Walton-Rudd (082 554 4513) Wyk 31

**11 Junie**

- Sr June Dekker (082 839 1198) Wyk 2

**12 Junie**

- Br Willem van Schalkwyk (082 820 4664) Wyk 2

**13 Junie**

- Sr Ester Dyer (076 585 9877) Wyk 2

**Baie geluk aan ons lidmate wat verjaar:**

**7 Junie**

- Jbr Henri Saaiman (071 437 4655) Wyk 6
- Br Pieter Theron (082 575 3751) Wyk 33

**9 Junie**

- Jsr Rosa van der Merwe (082 375 7963) Wyk 13
- Br Peet Venter (079 776 0310) Wyk 5

**10 Junie**

- Sr Corne Schutte (083 291 0091) Wyk 10
- Br Roelof van Wyk (083 471 8430) Wyk 4

**11 Junie**

- Sr Carola Krzyanski (079 595 6166) Wyk 5
- Br Johann Snyman (083 269 2597) Wyk 1

**12 Junie**

- Sr Santjie Potgieter (082 410 6454) Wyk 19

**Daar is geen huwelikherdenkings die week waarvan ons bewus is nie.**

**Lief en leed:**

- Ons is saam br Manie Erasmus (071 479 7936) Wyk 11 dankbaar dat hy uit die hospitaal ontslaan is en weer tuis kan aansterk. Mag die HERE hom in sy kragte versterk.
- Ons doen voorbidding vir sr Annatjie Lourens (082 869 5235) Wyk 31 wat verlede Saterdag 'n noodoperasie moes ondergaan en nog herstel in die Krugersdorp Netcare Privaathospitaal. Mag die HERE haar in haar beproewing behoed en bewaar.

**Sterkte:**

- Ons wens al ons studente en skoliere baie sterkte toe met die eksamens wat reeds begin het of dalk nog voorlê. Mag julle die goeie vrug pluk van al julle harde werk deur die kwartaal. Doen dit ook biddend.

## KENNISGEWINGBORD

**Kollektes: 31 Mei 2026**

R 3313.00 Oggend: Barmhartigheid
R 2020.00 Oggend: Deure/ Koningskinders

**SnapScan: 31 Mei 2026**

R 965.10 Oggend: Barmhartigheid
R 863.66 Oggend: Deure/ Teol. Stud.

## *Beroepenuus*


Beroep ontvang

- Ds LP (Leon) van Jaarsveld van GK Brakpan na GK Wolmaransstad

Beroep nie aanvaar nie

- Ds EA (Erasmus) Venter van GK Buffeldoorns na GK Venterstad

## *Gedagte vir die week*



U is my God, U wil ek loof; my God,
u grootheid wil ek besing.
Loof die Here, want Hy is goed,
aan sy liefde is daar geen einde nie.
Psalm 118:28 en 29

## *By God: geen kortpad, maar die regte pad (2)*

***God het 'n rede vir die ompad***

*Ons het verlede keer gesien dat God nie 'n* kortpad *met jou lewe ken nie, maar sy pad is altyd die* regte *pad, al is dit 'n moeilike pad.*

- In **Eksodus 13:17** gee die Here vir ons die *rede* waarom Hy Israel nie met die *kortpad* nie, maar met die *ompad* deur die woestyn laat trek het: "*Want Hy het gesê: 'As die volk in 'n geveg betrokke raak, kan hulle dalk spyt kry en na Egipte toe teruggaan*.'"

Die kortpad al langs die Middellandse See op was swaar bewaak deur die Egiptenaars. Dit is moontlik waarom daar staan dat die Here hulle nie in 'n oorlog met die Egiptenaars op daardie pad betrokke wou laat raak nie. Hy wou hulle 'n oorlog en die swaarkry daarvan spaar, sodat hulle nie spyt sou kry en terug verlang na Egipte nie.

En toe Israel op die woestynpad op 'n ander manier swaarkry, het hulle tóg na die vleispotte van Egipte terugverlang.

- Wat God dus met Israel gedoen het, was: Deur hulle weg te hou van die kortpad met sy oorloë, het Hy hulle daarmee ook weggehou van die versoeking om te wil terug na om weer slawe te wees.

Dit is iets wat ons baie goed in gedagte moet hou as ons dink oor die pad wat God met ons in hierdie lewe loop.

- Hy bly dieselfde God wat altyd net die beste vir ons in die oog het.
- Hy tree met ons op soos met Israel daar by die uittog.
- Hy laat steeds alle dinge ten goede meewerk vir dié wat vir Hom lief is (Rom. 8:28).

➢ As God byvoorbeeld vir jou rykdom gegee het in plaas van 'n siek kind – sou jy só naby aan Hom gelewe het soos wat tans die geval is?

➢ As jy nog jou lewensmaat aan jou sy gehad het – sou jy só 'n innige gebedslewe gehad het as wat jy nou het?

- ➢ As jy gesond en sterk was, en nie gebuk gegaan het onder hierdie swaar lyding en onsekerheid nie – sou jou geloof hierdie borrelende dinamika en groei gehad het, sou jy só intens in 'n persoonlike gemeenskap met God gelewe het en op Hom vertrou het?
- ➢ Ja, sou jy, as jy net voorspoed geken het, dieselfde kinderlike geloof en afhanklikheid van God beleef het?

God weet wat *vir jou geloof in Hom* die *beste* is. En daarom loop Hy met jou nie altyd die kortpad nie, die pad wat *jý* dink reg is nie. Maar van een ding kan jy altyd seker wees: Hy loop met jou altyd die **regte** pad – al is die pad *lank* en *moeisaam* en *vol hindernisse*.

**Die ompad het 'n eindbestemming**

Iets baie belangrik wat ons nie mag miskyk nie, is: Op hierdie ompad is jy op reis, aan die beweeg. Die ompad is nie jou bestemming nie. Op hierdie ompad is jy 'n vreemdeling en 'n bywoner. Die beproewings van die ompad gaan een of ander tyd ophou. God is met jou op pad na 'n heerlike eindbestemming. Die eindpunt waarby God jou aanbring, is altyd die regte plek: die ewige Kanaän, die ewige lewe, saam met Christus in die Paradys. Op hierdie reis maak jy soos die Here jou leer in **Filippense 3:13-14**: "*Ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. Ek span my in om by die* ***wenstreep*** *te kom, sodat ek die* ***hemelse prys*** *kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus.*"

**'n Paar voorbeelde**

- **Job**

Job was 'n baie ryk man. Daarby het die Here hom geseën met 7 seuns en 3 dogters. Sy geloofslewe was onberispelik. En tog wil die Here hom iets baie belangrik oor ***Homself*** leer. Job moet aan sy eie lyf voel hoe werk die ***soewereiniteit van God***.

Eers moet Job al sy kinders en al sy aardse besittings en ook sy gesondheid verloor om te kan leer: God kan met jou maak wat Hy wil, én Hy hoef nie vir jou te sê waarom Hy dit doen nie.

Maar daar was *geen kortpad* vir Job om dit te leer nie! En deur hierdie hele proses het Job ook geleer om te volhard.

- In **1 Petrus 1:7** staan: "*Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en* ***die egtheid van julle geloof moet ook getoets word****, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus.*"

Die Here wou Job by 'n egte, ware geloof uitbring. Iets wat hy sonder hierdie lang pad wat die Here met hom geloop het, nie sou gehad het nie.

- **Dawid**.

Dit sou vir Dawid tog baie makliker gewees het as hy as koning sommer in 'n japtrap op die troon kon gaan sit – sonder enige probleme. Tog laat die Here sy pad nie só loop nie:

- Twee keer wou Saul hom met sy spies doodmaak.
- Dan vlug hy van die een dorp na die ander om onder Saul se vyandigheid uit te kom.
- As hy in Siklag is en die Amalekiete sy vrouens en sy hele leër se vrouens en al hulle besittings van hulle af wegroof, wil sy eie mense hom doodmaak.

Maar dink jy ons sou al die pragtige Psalms gehad het as dít nie met Dawid gebeur het nie?

- ✓ As dit nie vir Dawid se veelvuldige louterings was nie, sou ons nie die treffende Psalm 23 gehad het nie waarin ons leer dat ons ons algehele afhanklikheid van God en vertroue op God kan en mag en móét stel.
- ✓ Dawid het deur diep waters gegaan, maar elke keer het hy God se trou ondervind. En daarom kon hy die vertroostende **Psalm 32:7** dig: "*U is vir my 'n skuilplek, U beskerm my teen aanvalle, U laat my oorwinningsliedere sing*."

Die pad vol klippe wat Dawid moes loop, het hom in sy geloof in God gestaal, en vir ons het hy – natuurlik onder die inspirasie van die Heilige Gees – 'n kosbare skat gegee waaruit ons in tye van beproewing groot troos kan put. *God openbaar Hom as dié Betroubare wat ons in ons geloof in Hom versterk.*

(Volgende keer meer hieroor.)

– André Grové

## *Bankbesonderhede*

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar Proeflesers*

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (066 0022 991); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).

## *PREEKPROGRAM – TWEEDE KWARTAAL 2026*

**2026 Jaartema: Die Jaar van God se genade**
**Kwartaaltema: Hemelvaart en Pinkster**

**7 Junie**
Oggend: Prof Herrie van Rooy
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Hosea, Joël. Amos, Obadja

**14 Junie**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees: God se antwoord vir 'n verlore wêreld! Joël 2 (T = Joël 2:28, 29).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Jona, Miga, Nahum, Habakuk

**21 Junie**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die uitstorting van die Heilige Gees – Die oorsprong en doel van Pinkster! Handelinge 2:1-13 (T = Hand. 2:1-4).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Sefanja, Haggai, Sagaria, Maleagi

**SKOLE SLUIT (26 JUNIE)**

**28 Junie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)**
Oggend: Ds Jannie van der Schyff - Pinkstertyd – Ag, was almal maar vol van die Gees! – Numeri 11:4-35 (T = Numeri 11:29)

**5 Julie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)**
Oggend: Besoekende/Ander predikant

**12 Julie (Geen aanddiens)**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees lei ons in die volle waarheid! Johannes 16:5-15 (T = Joh. 16:13).

**19 Julie (Geen aanddiens)**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees sug saam met jou en bid vir jou! Romeine 8:18-27 (T = Rom. 8:26, 27).

**SKOLE OPEN (21 Julie)**